# AFC, MORE THAN JUST FOOTBALL

**Rustenburg** – Athletico Football Club (AFC) was founded in 2002 by current owner and chairman Eddie Pienaar. From the get-go, the club was established for the youth with the goal of being about more than just football.

AFC has also been instrumental in establishing a junior league – the Rustenburg Junior League (RJL). It is estimated that approximately 4,500 youth encounters are achieved each month through these activities – keeping kids off the streets and on the soccer field.

In 2007 AFC kick-started a programmed called *First Mondays*. Local churches joined the FC, helping kids to tackle emotional and psychological issues on Monday afternoons before hitting the training field for the rest of the week.

Karlien Park Primary School's headmaster Muneeb Omarjee and its student governing body afforded the FC classroom facilities to use. The *First Mondays* programme has achieved much success over the years.

AFC compiled a manual, a simple curriculum of life skills and they wish to roll it out to interested schools and clubs in Rustenburg. "We believe that we have been privileged to enjoy the involvement of gifted professionals over the years and have no desire to keep this to ourselves," said Eddie.

True to the club's vision, the efforts are more about community upliftment than winning games – it's about winning in life.

Club representatives are currently presenting this curriculum to various schools and clubs. On 4 and 5 September, the club partnered with the Department of Sports, Arts and Culture and the organisation Love Life, to present a coaches training clinic in Tlhabane. AFC has now also registered itself as a section 21 company and as a non-profit organisation (NPO).

Follow the club's activities on their Facebook page or on Instagram @afcrustenburg.

**For more information, contact chairman Eddie Pienaar on 082 267 9813 or administrator Patrick Fann on 082 337 3534.**



Coach René McCarthy, previously associated with the Platinum Stars FC, addressing local football coaches at the Love Life coaching clinic.



Coach Puso Ribane (left) and Coldrin Coetzee working on the new goalposts after their old ones were stolen.



Local youth pastor, Poloko Mmakgolane, addressing a class of AFC players at the *First Mondays* session.

# RHS - DIE BESTE KUNSTE HOËRSKOOL IN SUID-AFRIKA

**Rustenburg** – Solidariteit Jeug het vanjaar in samewerking met Solidariteit se Beroepsgilde vir die Kunste besluit om 'n toekenning aan 'n hoërskool te maak wat die beste op die gebied van kunste presteer.

**Die kriteria vir die toekenning was as volg:**

- Prestasie in plaaslike, provinsiale en nasionale kunstekompetisies.
- Aanbieding van kunstekompetisies.
- Prestasie in Afrikaans.
- Kunste teenwoordigheid op sosiale media-platforms.

**Hier is die redes waarom Hoërskool Rustenburg (RHS) met lof kwalifiseer vir hierdie titel:**

- RHS het sedert 2005 al 44 debatspanne op die ATKV-landsfinaal besorg en het al drie keer nasionale wenners in Suid-Afrika opgelewer.
- Hul het jaarliks vier redenaars wat op die ATKV-landsfinaal pruik en ongeveer agt leerders wat jaarliks kwalifiseer vir die Radikale redenaars se finaal in Pretoria.
- Die RHS koor het vanjaar met die vertolking van Queen se *Bohemian Rhapsody*, gesorg vir 'n ongekende sosiale media-sensasie.
- RHS tree sedert 2010 op as ATKV-gasheerskool vir die debat- en redenaars-kompetisies in Noordwes. By die debat semi-finaal kom neem Mpumalanga, KwaZulu-Natal, Limpopo en Noordwes se skole by hulle deel.
- Die Mnr en Mej Rustie-skouspel is jaarliks 'n groot sukses en dit dien as podium vir verskeie liefdadigheidsprojekte.
- Hul bied jaarliks kunstefeeste aan, die immergroen Onnerieboomfees, waar Liriekerumoer, ATKV-Paletaand, Potjiekos en Stoepstories en Dagjolyt die skool verenig. Tydens Onnerieboomfees se Dagjolyt-program skep hulle 'n geleentheid vir die leerders om musiek te maak.
- Hul wissel die formele revue elke twee jaar af met 'n informele graadrevue en graadsêrkompetisie. Op hierdie manier behou hulle die momentum om die groter produksies suksesvol te kan dryf.
- Hulle skryf elke twee jaar vir die ATKV-tienertoneel in en het ook al tot in die landsfinaal op Aardklop gevorder met een van hul spogtoneelstukke.
- Hul bied jaarliks die Agter die Groen Gordyn aan - 'n aand van toneel en drama om die leerders blootstelling te gee aan die verhoog.
- Om RHS se kultuurakker af te rond bied hul ook Landsdiens en Voortrekkers aan waar leerders kan deel wees van 'n sosiale groep en kan uitblink as Landsdiens Springbokke of Presidentsverkenners.

RHS is 'n toegewyde kultuurskool waar kwaliteit geleenthede geskep word vir elke kind wat wil. Hulle beywer hul daarvoor om talent by indiwidue te ontdek en te slyp tot wasdom. Die skool se kultuurraad van Graad nege tot 12 word opgelei in belangrike leierskapsfunksies soos om inisiatief te neem en kreatiewe lewe te gee aan ou konsepte. Hulle leer om te beplan en te organiseer en uit te voer tot voordeel van die skool en sy leerders.

Verskeie toegewyde en talentvolle onderwysers is deel van die kultuurspan wat leerders toerus met die nodige vaardighede... en dis waarom RHS 'n gerekende kultuurskool en trotse baken vir die kunste is.



Die RHS revue groep in Sonvanger.

# BERGSIG MÁG MAAR POTJIE MAAK!



**Rustenburg** – Knapgedaan aan die bestuurspan van Bergsig Akademie wat op Saterdag 7 September 'n tweede plek verower het tydens die Piekfijn potjiekoskompetisie. Foto: Die bo-baas potjie kokkedore van Bergsig Akademie.

## THE PRESSURE IS ON FOR NEWRAK IMPALA

**Rustenburg** – Newrak Impala rugby team will once again face off against Klerksdorp Rugby Club on Saturday 14 September in a Gold Cup qualifying game, in Klerksdorp. Their qualifying match against Klerksdorp, the previous weekend, did not go as planned and Newrak Impala lost the match with a nail-biting score of 31-34.

Adding to the pressure they must win this upcoming match with four points or more to qualify for the Gold Cup. Good luck team!

